# GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# DISTRIK D8 & D16

# AFRIKAANS HUISTAAL

## VRAESTEL 1: MEMORANDUM
## GRAAD 12

**PUNTE: 70** **JUNIE 2017**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Nasien van die leesbegrip:

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, word geen punte toegeken nie. Die rede/motivering/aanhaling moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

**Hierdie memorandum bestaal uit 6 bladsye**

Alle regte voorbehou

| Vraag | Antwoord<br>(Sien betekenis na en nie net woorde nie.) | Punt | Kognitiewe vlak | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.1 | Rubriek√ | 1 | 1 | | | | |
| 1.2 | As die skrywer nie kan wag vir die geleentheid om aan te breek nie./<br>Om senuweeagtig /benoud te wees. √<br>“afwagting”/”opgewondenheid” √ | 2 | | | 3 | | |
| 1.3 | Verjaarsdae √<br>Kersfees √<br>Kerkbasaar √<br>Kuiers by ouma √ | 4 | 1 | | | | |
| 1.4 | Hy kon selde onthou wat hy beleef het/ herinneringe is vaag √ | 1 | | 1 | | | |
| 1.5 | Baie eetgoed/lekkernye √<br>“ …groot gebak en gebrou word”. √ | 2 | | 1 | 1 | | |
| 1.6 | Hy het vir rondgehardloop en vir almal geskenke gekoop./ Hy het vir elke siel en wese wat hy on onthou, geskenke gekoop. √<br>“(goedkoop) bog (uit plastiek)” √ | 2 | | 1 | 1 | | |
| 1.7 | Hy is nie sportief nie/ hou nie van sport nie/hou nie van groot groepe mense nie √<br>*Enige EEN .* | 1 | | | 1 | | |
| 1.8 | Dit beklemtoon die skrywer se nsekerheid/<br>Verwardheid. √<br>Dit betrek die leser by die teks. √ | 2 | | | | 2 | |
| 1.9 | ’n Persoon word geïndoktrineer/ingedril om doelwitte na te streef./aan jou toekoms te dink./gereed moet maak vir jou toekoms. √ | 1 | | 1 | | | |
| 1.10 | Oefen elke dag √ - anders word ons lywe oud. √<br>Eet gesond √ - sodat jy nie siek word nie. √<br>Spaar genoeg/leef spaarsamig√ - want jy wil nie ouetehuis toe gaan nie. √<br>Volg alle diëte √ - anders gaan jy dood. √<br><br>(Enige TWEE met die rede) | 4 | | 2 | 2 | | |
| 1.11 | Dit sluit by skielik aan./<br>Dit dui op die skielike besef van die mens./<br>Dit dui op die skok dat ons niks beleef nie./<br>Dit trek aandag. √√ | 2 | | | 2 | | |
| 1.12 | Ja.<br>Albei is van mening dat jy in die oomblik moet leef. √ | 1 | | | | 1 | |

Alle regte voorbehou 

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.13 | ’n Waarheid wat vir alle tye/mense/van lankal af, geldig is. √<br>Jy’s oop vir die klein dramatjies om jou. √ | 1<br>1 | | | 1 | 1 | |
| 1.14 | Die produk sal sy donkerte temper./sy emosionele funksies in stand hou. √ | 1 | | | | 1 | |
| 1.15 | Ouderdom/<br>Siekte/<br>Chirurgie √ | | | | | | |
| 1.16 | Die leser word na die ekstra inligting aan die einde van die teks gelei. √ | 1 | | | 1 | | |
| 1.17 | Die woord “selektiewe” word gebruik. | 1 | | | 1 | | |
| 1.18 | Maak tyd vir jouself./<br>Môre kan wag, die hele aarde kan. √ | 1 | | 1 | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | | | | | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs stadiums wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste stadiums bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| | **Aanhaling** | | **Eie woorde/ Punt** |
|---|---|---|---|
| **1** | … die voordeel dat die uitgawes wat met die druk, bind en verspreiding van papierboeke te make het, met e-boeke uitgeskakel word | **1** | Die uitgewers se uitgawes vir die druk, bind en verspreiding van papierboeke word uitgeskakel. |
| **2** | Dit kan natuurlik die uitgewer se risiko kleiner maak. | **2** | Die uitgewer se risiko is kleiner. |
| **3** | Die onmiddellike beskikbaarheid is vir my een van die grootste lekkertes | **3** | Die boeke is onmiddellik beskikbaar.. |
| **4** | Drukfoute? Verouderde inhoud? Uitgewers kan dit nou in 'n japtrap regstel en opdateer. | **4** | Uitgewers kan drukfoute vinnig regstel en verouderde inhoud opogradeer. |
| **5** | Boonop kan die prys verander word na gelang van die verkoper se behoefte of strategie. | **5** | Die prys van e-boeke kan verander word na gelang van die uitgewer se behoefte of strategie. |
| **6** | E-boeke is maklik om te dra, want jy kan 'n hele biblioteek van boeke met jou saamdra sonder om oor hulle gewig bekommerd te wees. | **6** | E-lesers kan baie boeke saamdra. |
| **7** | Daarby het boekwurms ook nie die probleem van pakplek nie. | **7** | Pakplek is nie problematies soos met papierboeke nie. |
| | | | |
| | | | **Aantal woorde: 82** |

Die uitgewers se uitgawes vir die druk, bind en verspreiding van papierboeke word uitgeskakel. Die uitgewer se risiko is kleiner. Die leser het die voordeel dat die boeke onmiddellik beskikbaar is. Uitgewers kan drukfoute vinnig regstel en verouderde inhoud opgradeer. Die prys van e-boeke kan verander word na gelang van die uitgewer se behoefte of strategie. Die leser het die voordeel dat die boeke onmiddellik beskikbaar is. E-lesers kan terselfdertyd baie boeke saamdra. Pakplek is nie problematies soos met papierboeke nie.

**81 woorde**

## AFDELING C: TAAL

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - o Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk indien die spelling/taalstruktuur assesseer word (al word die antwoord in 'n sin aangebied).
  - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt | Kognitiewe vlak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 3.1 | Die Afrikaanse Taalmuseum en –monument | 1 | 1 | | | | | |
| 3.2 | Ja.<br>Dit lyk soos wat die Taalmonument lyk./<br>Grafika pas gewoonlik by die teks. | 1 | | | 1 | | | |
| 3.3 | Nomineer:Die onderwyser word nimineer as Onderwyser van die Jaar. | 1 | | | | | | 1 |
| 3.4 | Iemand wat pryse vir sy werk ontvang/suksesvol is. | 1 | | 1 | | | | |
| 3.5 | Konnotatief. (geen punt hiervoor nie)<br>Dit verwys na die gewone/alledaagse mense. | 1 | | | 1 | | | |
| 3.6 | Sept. | 1 | 1 | | | | | |
| 3.7 | Die leerling se sin moet die volgende beteken: *middel teen siekte, hulp/steun/volksgeloof, uit die volksgeloof eerder as wetenskaplik bewys.* | 1 | | | 1 | | | |
| 3.8 | Twintigduisend Rand / twintig duisend rand | 1 | 1 | | | | | |
| 3.9 | ter | 1 | | | 1 | | | |
| 3.10 | Nominasies moes die ATM voor of op 14 Augustus 2016 bereik het. | 1 | | | | | | 1 |
| | | **[10]** | 4 | | 4 | | 2 | |

### VRAAG 4: SPOTPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt | Kognitiewe vlak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 4.1 | fonteintjie | 1 | 1 | | | | | |
| 4.2 | wysheid<br>*Die leerling se woord moet in die konteks pas* | 1 | | 1 | | | | |
| 4.3 | Die dier sê dat hy opsoek na die fontein van kennis is. | 1 | | | | | | 1 |
| 4.4 | verdrink | 1 | | 1 | | | | |
| 4.5 | omdat/want | 1 | | | | 1 | | |
| 4.6 | Nee, nie "ons" **nie**, net ek. | 1 | 1 | | | | | |
| 4.7 | Die woord "ons"/Diegene na wie die spreker verwys, word uitgehef. | 1 | | | | 1 | | |
| 4.8 | Nee, nie "ons" nie, net ek, maar jy kan 'n slukkie kry. | 1 | | | 1 | | | |
| 4.9 | Bv. :Die kan is vol water. | 1 | | | | | | 1 |
| 4.10 | kan kry | 1 | | | | 1 | | |
| | | **[10]** | 4 | | 4 | | 2 | |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt | Kognitiewe vlak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.1 | Die eerste stap na genesing, was glo om te erken dat jy 'n probleem gehad het | 1 | | | 1 | | | |
| 5.2 | spekvet | 1 | | 1 | | | | |
| 5.3 | nugter | 1 | | | 1 | | | |
| 5.4 | *Die leerling gee sy eie sin, bv.*<br>Bv.: Sy't 'n *<u>ongesonde</u>* passie ontwikkel vir *<u>goeie/opwindende</u>* rolbal. | 1 | | | | | | 1 |
| 5.5 | slaaf | 1 | | 1 | | | | |
| 5.6 | ontronding | 1 | | | 1 | | | |
| 5.7 | want | 1 | | 1 | | | | |
| 5.8 | Bv. Die gholfspeler word konfronteer met die onverwagte/swak houe wat hy/sy nie gedink het hy/sy oor beskik nie./speel swak gholf | 1 | 1 | | | | | |
| 5.9 | (om te) kyk | 1 | | | 1 | | | |
| 5.10 | Voëltjies word gereeld gesien. | 1 | | | | | | 1 |
| | | **[10]** | 4 | | 4 | | 2 | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**